Die meerstammige styl kan wel uit enkelbome saamgevoeg word maar dan moet die stamme teenaan mekaar geplaas word om mettertyd aanmekaar vas te groei.

1.2.4. DIE GROEPSTYL:

Akasias kan ook in groepe aangeplant word om 'n doringboomwoud te vorm. As gevolg van die prominente krone in die styl behoort groepe nie uit meer as 11 bome te bestaan nie. Dieselfde reëls as vir groepe bestaan en moet nagevolg word.

* DIE NABYGROEP:

- In hierdie geval is die hoofbome voor geplant en word die kleiner bome na agter en aan die kante geplaas om diepte aan die komposisie te gee.

* DIE VERAFGROEP:

- In die geval van die verafgroep vorm die bome 'n silhoeët en word die klem hoofsaaklik op die stamme en die krone (of blaarmassa) geplaas. Bome van naastenby dieselfde grootte kan hiervoor gebruik word.



* DIE BOSVELDGROEP: